



Julie 2025

# Touleier

Die gerugte van oorloë en onrus. Onrus is als behalwe onrustig. Onrusrivier, soos die dorpie eintlik bekend moet staan, het met trots 'n kleindorpiementaliteit. Maak geen fout nie, daar is steeds 'n oorgrote meerderheid wat deesdae, nie net in blasies (soos in seep) of borrels woon nie, hulle leef ook in silo's. Dik, ondeurdringbare en onsigbare wande wat jou kwansuis teen die negatiewe elemente daar buite beskerm.
Onrus val glad nie in daardie kategorie nie. O ja, jy kry hulle oral maar hier in ons kontrei is hulle sommer vêr in die minderheid.
Myns insiens sorg die unieke demografie van sommer die hele Overberg daarvoor. Die mengsel van mense. Die reuse plonsput van kennis en ervaring. Hoe gryser hoe wyser. Die aanvaarding van die een die ander, is hier tasbaar meer.

Kyk nou maar hoe kamermaatjie maar gelate aanvaar het dat daar in die 'sixpack' net twee mans is wat hoogs bedrewe is in die kuns van bak en brou. Wat haar wel stilstuipe gee is die oorlogsone wat ek agterlaat na enige bakpoging. Dis nou die slag wanneer ek wil beslag, en daai gier en geit van my, sy sluimerende skuilplek verlaat.
Om daardie rede sorg sy dat sy liewer by maatjies kuier wanneer ek chef *Henri* speel! Merci Bou Coupe!
Soos nou die Saterdagoggend toe ek die pak amandelmeel weer onaangeraak agter in die yskas raaksien.
Onskuldig, pla niemand, knus in die yskas se hoekie van eensames.
Hennenman het dit al laas jaar vir ons gestuur.
Skuldgevoel en koeklus kombineer toe perfek en vorm 'n kookstorm van enorme omvang.



Met die hulp en inspirasie van dokter Google, stof ek al vroeg oggend verskeie implemente af en sorg dat al vier die bestanddele beskikbaar gaan wees.
Ek is darem nie alles duime wanneer dit veral by bykosse kom nie. Nie helemal om en doofstom as dit veral by kanaal-apies kom nie. Dis nou daardie vingergeregte wat die Franse *perde-op-die-walle*, of *hors d'oeuvres* noem. Daarvan ken ek.
Terug by die amandelmeelkoek. Net vier bestanddele. Daar is amandel skyfies as 'n vyfde opsionele een. Min genoeg. Klink nie reg nie. Te maklik! Of is dit? Wat gaan die koek laat rys? Ek lees weer die resep deur. Steeds vier. Meel, suiker, eiers, versiersuiker. Nou maar goed dan.
Eerste hinderlaag: Vier geskeide eiers! Daar is toe net mooi vier eiers. Almal lyk gelukkig getroud. My ma het twee keer geskei, so ek weet toe sommer hier kom moeilikheid.
Ek grawe in die snuisterye laai. Kry daai plastiek



dingetjie. Dis 'n klein koppie met twee gaatjies langs die kant. Ek kry die idee. Ongelukkig geen kans vir oefen nie.
Bewerig breek ek die eerste een eers teen die bak se rant en met n groot geluk val die geel mooi in die middel en die wit maak sulke snotsels weerskante en wil nie wag dat ek hulle eers mooi oor die bak het. Helfte binne en helfte buite. Hier en daar gewaar ek n dop splinter. Wonder hardop of dit ook gaan tel as 'kontaminasie'. Dit wat vermy moet word as jy ordentlike stywe eierwitte wil vervaardig. Jaag so n paar skerwe agterna met die vinger maar sonder veel sukses. Volgende eier. Windgat breek ek die sommer so met een hand. Darem maar lekker as mens eers kán bak! Nommer drie het my skoon aant neurie. Die musiekritme in my, druk toe nommer vier effe te hard.
Wit en geel word deel van mekaar.

Skei? Nooit as te newwer nie!
Ag wat, kannie só erg wees nie! Ek begin klits en vou (hoe vou mens n vloeistof?) tot ek blou in die gesig is. Dit bly so n aaklige grys kleur en al wat verander is die jellie-agtigheid na so n waterige mengsel. Geen kans vir die stywe wit branders wat ek altyd opmerk in meer ervare kokke se bakke.
Dan gooi ek handdoek in en meng die spulletjie met die eiergele en suiker.
Skielik is ek baie bly ek het besluit om eerder kolwyntjies te maak as



een hele koek. Daar gaan nie genoeg mengsel wees nie.
Die oond sein hy is reg vir my. Versigtig om nie buite die vormpies te drup nie, skep ek nege van die twaalf gaatjies amper vol. Ek wonder steeds hoe die goed gaan rys sonder bakpoeier of so iets.

Soos ek die pan optel val my blik op ander glasbak met amandelmeel wat so half eenkant staan. Ek het nooit die hoofbestanddeel bygevoeg nie!

Gaan probeer maar gerus om nege bakkies koekmengsel terug te kry in die hoof mengbak. Saak onmoontlik!
Maar nou ja, die goedjies rys toe heel mooi en ek kamermaatjie het dit nog geniet. Die res van die meel sit steeds rustig agter in die hoek van die yskas. Almal wag nou weer vir die dag..

*Hennie en Annabelle*






# Dié Maand se Giggels













## SKAAK SE GROOTSE LEWENSLES

DAAR IS NET EEN DAME OP DIE BORD



EN SY KAN DOEN NET WAT SY WIL



# Kalahari Padblokkade

Grootmaat vertel my dat hy eenkeer ʼn vriend van hom in die assuransie besigheid vergesel het na ʼn boer anderkant Piet Plessis vir sake.

Hy sê hulle is douvoordag die Saterdagmore uit Vryburg met ʼn hengse dors. Daar word kort-kort gestop en ʼn ietsie gebruik en aangesien hulle mekaar lanklaas gesien het, word die vriendskapsbande lekker styf getrek.

Net voor Piet Plessis kry hulle ʼn bord wat lees “Polisie Padblokkade 500m” Hulle stop dadelik en laai die bord op want op die godsverlate pad het hulle nog nooit so iets gesien nie en hulle dog die polisie het dalk die bord daar vergeet. Nadat hulle weer ʼn ietsie gebruik het, sit hulle die reis voort en wragtig, toe hulle om die draai kom staan die plaaslike polisie in die pad besig met ʼn hengse padblokkade. Hulle ken egter die manne en daar word oor en weer gegroet en gesels alvorens hulle die reis weer voortsit. So vergeet hulle skoon om die bord terug te gee.

Toe hulle Piet Plessis inkom sien hulle daar is ʼn hengse bedrywigheid by die boeresaal en hulle stop daar net om agter te kom dit is ʼn dans . Grootmaat se vriend vat die bord agter van die bakkie af en stap die saal binne met die bord voor hom. Dit veroorsaak ʼn groot konsternasie toe die mense in die saal die polisie bord sien, tot die orkes hou op speel! Op daardie stadium laat sak hy toe maar die bord en skree, "Ok moenie worry nie dit is net ek!"

Grootmaat sê, toe is die hel los. Die vrinne in die saal sleep hulle drie letters toe en strafdoppe word toegeken vir ʼn vale. Grootmaat sê na ʼn lang kuier word die rit voortgesit en naderhand bereik hulle uiteindelik hulle bestemming. Die kuierry word hervat oor ʼn lekker vuur met ʼn vleisie op die kole.

Volgende oggend word die twee se besigheid met die boer gou afgehandel en die terugreis aangepak met ʼn kopseer wat ʼn normale mens sal bangmaak. Kort voor lank sê maat hulle moet stop en net gou die koppe oopskiet, anders gaan hulle dit nie vandag maak nie. Maat sê hulle stop en doen ook so en dit gaan sommer dadelik beter, soveel so dat hulle besluit om die polisie bord, wat hulle steeds het, uit te sit in die pad en kuiertjie van die geleentheid te maak.

Dit was ook nie lank nie of daar kom ʼn donkiekar met ʼn perd en ʼn donkie voor die kar aan, ʼn waardige ou man agter die leisels, opgetoë vir die Sondagoggend se kerkdiens.

Soos ʼn wetsgehoorsame burger stop hy by die padblokkade, Grootmaat sê, toe dink sy vriend op sy voete en gryp ʼn plastieksak agter van die bakkie af en druk ʼn stuk tuinslang in die sak en stap nader. Donkiekar man word meegedeel dat dit ʼn roetine ondersoek is en aangesien Suid-Afrika se paaie so vol dronkbestuurders is doen hulle vanoggend alkohol toetse op alle padgebruikers. Nee, maar dit is reg meneer, ek drink glad nie en is op pad kerk toe so u is welkom om u toetse uit te voer, word hulle beantwoord.

Grootmaat sê die bestuurder word laat blaas aan die tuinslang en meegedeel dat sy toets negatief is. Sy maat sê toe, maar hulle sal moet die diere ook moet toets vir alkohol, nee, dit is reg meneer, gaan maar voort. Die tuinslang word onseremonieel in die donkie se mond gedruk en sy toets is ook negatief, dit is toe maat met die toets apparaat omstap na die perd, wat die ou man op die kar geïrriteerd raak.

Meneer, laat ek nou vandag vir jou iets sê, daardie donkie sal nog ʼn kans vat en ʼn dop drink, maar my perd sal nooit sy mond aan drank sit nie.

# SPREEKWOORDELIKS

## ‘Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.’

### Een bevat altyd ‘n sedeles, die ander ‘n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het ‘n dieper betekenis by die waarheid.

### Besluit jy watter een is watter: Die maand – Deel van ‘K’

**Kaak:** Aan die kaak stel (slegte dade openbaar)
Die kaak was 'n Middeleeuse stellasie, gewoonlik van hout, waarop misdadigers vasgebind en tentoongestel is sodat almal kon weet van hulle wandade. (red se bydrae: behoorlik in die kaak wees)

**Kaap:** Die Kaap is weer Hollands (alles is weer in orde)
Dit verwys na die oorhandiging van die Kaap aan die Bataafse regering ná die Britse besetting van 1795-1802. Die Engelse besetting was nie baie gewild onder die inwoners nie.

**Kaartman:** ’n Regte kaartmannetjie (iemand wat lewendig is en baie bewegings maak)

'n Mannetjie van karton of hout waarvan die ledemate met toutjies verbind is wat dan beweeg as daaraan getrek word.

**Kafdraf, kafloop:** Iemand (iets) kafdraf (kafloop) (iemand verslaan, wen; die onderspit laat delf)

'n Verwysing na die ou manier van graan dors deur byvoorbeeld perde op die dorsvloer te laat draf of loop totdat die korrels uit is en net die kaf oorbly.

**Kajuitraad:** Kajuitraad hou (beraadslaag; oorlogsplanne beraam)

Uit die skeepvaart: Dié beraadslaging het vroeër gewoonlik in die kajuit van 'n gesagvoerder soos die admiraal ter see plaasgevind.

**Kalant:** ’n Ou kalant (lank in die land) ('n skelm, geslepe persoon)

In Middelnederlands het kalant ongeveer dieselfde betekenis as ons klant gehad, dit wil sê iemand wat sy winkelware by 'n bepaalde persoon koop. Daaruit het 'n bybetekenis van "listig" ontwikkel, wat in Afrikaans versterk is met die byvoeging van ou. In sekere Nederlandse dialekte beteken kalant ook "geslepe persoon".

**Kant:** Kant en klaar wees (heeltemal gereed wees)

Kant beteken oorspronklik "netjies"; vandaar ook aan die kant maak "netjies maak".

**Karnallie:** so ’n Karnallie (’n ondeunde, onnutsige persoon)

'n Karnallie is volgens die woordeboeke 'n "geslepe persoon; deugniet, vabond". Die ongunstige betekenis van "geslepe" is vandag net in Nederlands nog van pas en die uitdrukking word in Afrikaans gewoonlik in 'n goedige sin vir 'n vabond gebruik. Die woord karnallie kom uit Frans canaille wat dit uit Italiaans canaglia ("hondegebroedsel")gekry het en wat met Latyn canis ("hond") verband hou. In albei dié tale het net die ongunstige betekenis bly voortbestaan.

**Karmenaadjie:** Iemand op sy karmenaadjie gee (iemand (op sy sitvlak) slae gee)

'n Lekker stukkie vleis, oorspronklik uit Frans carbonnade "vleis wat oor die kole gebraai is". Die karmenaadjie in die uitdrukking is versagtend vir sitvlak wat vroeër jare as onfatsoenlik beskou is.

# Tant Hannie se Tronkstories

Deur Barbara Potgieter



"Toe jy weer sien, is die vrou se hande om my nek ek skop sy my dat die merk  nou nog daar sit."

Tant Hannie sit rustig en brei. Sy brei die ingewikkeldste patroontjies vir die welsyn se babakleertjies. Dit sonder om te kyk.

Tant Hannie is 'n oumagrootjie en help haar motorfiets vriende met hulle welsynswerk. Haar laaste pos in die Gevangenisdiens was sy by 'n vrouetronk.

Hier moet jy hare op jou tande hê. Jy leer nie Judo of Karate of Tai chi nie, maar vuilbaklei. Tot vandag toe laat sy nie sommer met haar mors nie. So kom 'n aanrander agter. Toe jy weer sien, lê hy in die pad op sy rug soos die antie hom gegooi het.

Sy  kook nog daagliks vir die gesin en bederf die kleinkinders met die mooiste breigoed.

Soms kom sy na die woordespel groep met 'n nagereg wat jou oë sal laat traan: Gebakte malvapoedimg of Pavlova: Soetskuimpies,  room en vrugte. Volgende keer 'n smelt-in-die mond melktert. Mens moet mooi oplet of dit word deur die huismense geskaak.

Terug by die tronk. Soggens saai mens 'n boodskap uit vir die  gevangenes in hulle taal. Kom te laat agter wat mens dink jy gesê het en wat dit eintlik beteken,  is nie dieselfde nie.

Die fonetiese naam van die beker twak stem nogal baie ooreen met die naam vir iets van die vroulike anatomie.

Tannie Hannie vertel ook graag van die prinses.



'n Hele klomp wat van onwettig immigrasie verklaar is, word in die tronk gestop.

"Maar sy is 'n prinses!" teken een van die gevolg aan.

Prinses of nie, Hannie steek hulle in die werk:

Sy moet die visdam skrop.

Later kom daar 'n dringende boodskap. Dit is toe die koning van Swaziland se dogter .

Die visum het verval en is nie betyds hernu nie.

Einde  van die saak: 'n Limousine met wapperende vaandels kom red die arme siel.






# POEDINGS
# POEDINGS
# POEDINGS





# Telefoonpoeding

Deeg:
1 1/2 koppie meel
1 koppie suiker
1/2 koppie botter
1/2 koppie melk
sout
2 eiers
1 teelepel koeksoda
1 teelepel gemmer
1 eetlepel appelkooskonfyt

Sous:
1 1/2 koppie suiker
2 1/2 koppies kookwater

Maak die deeg in die skottel aan waarin dit gebak moet word.
Roer stroop en gooi oor deegen bak vir een urr teen 400ºF.
file

Self Sufficiency vir n Arm Gat








# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

# SIMON

Sy regte naam was seker Jabu, Vuyo of Tsepo maar vir ons was hy Simon. Hy het op 'n dag voor die hek van ons huis in die Noord-Kaap gestaan met 'n suitcase in die een hand en 'n draagbare Supersonic platespeler in die ander. Op soek na werk. My pa het vir hom werk gegee, as tuinman. Maar hy het ook die honde, duiwe, konyne en hoenders kos gegee, die voorstoep met Sunbeam gepoleer, vuur in die donkie gemaak, die Valiant gewas, briewe gaan pos, brood en melk by die kafee gaan koop en rekeninge by die dorpsraad gaan betaal.

Baie middae na skool was Simon ook my enigste geselskap.

Ons het dikwels in sy kamer agterin ons jaart gekuier, want my pa-hulle wou nie hê Simon moet in die huis kom nie. Ons het graag plate geluister, ek en hy. Of miskien moet ek eerder sê ons het graag na een van Simon se twee plate geluister want hy het net twee gehad, een van Jim Reeves, en 'n seven single van Spokes Mashiane met sy penniefluitjie.

**Bly weg daar," het my pa meer as een keer gewaarsku,…**

Die Supersonic het op die tafel voor die venster gestaan, oorkant die bliktrommel by die deur waarop ek altyd gesit het, gereed om te ontsnap sodra ons Valiant by die hek inwieg.
Want Simon se kamer was vir my verbode. "Bly weg daar," het my pa meer as een keer gewaarsku, "of wil jy luise hê?"

Ek dink aan baie dinge wanneer ek aan Simon se kamer dink. Tabak en Vaseline, seep en paraffien en Jeyes Fluid en 'n ou klapperhaarmatras, dit kon jy alles daar binne ruik.

En op die sinkdak kon jy my pa se fantails se pote hoor krap-krap want daar was nie 'n plafon nie. Simon se plek was op die bed, waarvan die pote op verfblikke gerus het. By die bed se koppenent het 'n omgekeerde teekis gestaan met 'n paraffienlamp daarop. Bokant die lamp was 'n donker rookkol teen die muur en bokant die donker kol 'n kiekie van Patience, Simon se girlfriend wat by ta' Sannie in die kombuis gewerk het.

## Ons het op 'n kol 'n brief aan Jim Reeves geskryf....

Teen die ander muur kerkalmanak. Die vorige jaar s'n wat my pa weggesmyt het. Baie goed in Simon se kamer was eers in ons huis: die porseleinkat met die afpoot en die stuk spieël op die vensterbank, die voos pienk laken wat as gordyn gedien het. die gekrokte toaster en die pak tyd-skrifte op die vloer. Die tafel voor die venster se blad was met koerante toegegooi en daarop was 'n botteltjie Vaseline. 'n pienk kam met dik tade. 'n skeermes met Minora blades. 'n netjies opgevoude waslap met 'n koekie seep daarop. 'n blikbord, 'n blikbeker en 'n pyp met 'n krom steel.



By die deur het Simon se dik wiel met die spieëltjies teen die muur gestaan. Aan die spyker agter die deur het gewoonlik 'n blou oorpak gehang.
Dit is eienaardig.
Ek onthou al hierdie goed maar ek is nie meer seker waaroor ek en Simon se gesprekke gegaan het nie. Ek was seker so agt jaar oud, hy iets in die twintig. Ons het op 'n kol 'n brief aan Jim Reeves geskryf. Ek het Simon leer snap speel. En soms het ons saam deur tydskrifte geblaai en ons verbeel die girls op die foto's behoort aan ons. Veel meer onthou ek nie.
Die laaste keer dat ek Simon gesien het was toe ons klaar in die Valiant gesit het, gereed om agter die treklorrie aan te ry na nog 'n godverlate dorp op nog 'n godverlate vlakte. Simon het sy blou oorpak aangehad. Dis is al wat ek met redelike sekerheid kan sê. Het hy vir ons gewaai toe ons gery het? Ek kan nie onthou nie. Het ons vir hom gewaai? Ek kan nie onthou nie. Oor al hierdie dinge het ek nou die aand sit en wonder voor ek vir my nog 'n whisky geskink en navrae gebel het: 1023. Op soek na telefoonnommers in die Noord-Kaap. 'n Vrou het geantwoord maar sy kon my nie eens probeer help nie. Ek weet nie wat Simon se van is nie.

FLUIT FLUIT